Donderdag **29 Augustus**
**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:3-12**
**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:10**

## Volhard, hoop, bid!

Die Christene in die gemeente van Tessalonika kry swaar en is moedeloos. Hulle worstel met die vraag na lyding en lees in hulle omstandighede van swaarkry dat die wederkoms van ons Here Jesus op hande is. Hierdie siening het daartoe gelei dat baie van hulle ophou werk het en net gesit en wag het vir die groot dag van die wederkoms. Met verloop van tyd het hierdie Christene geestelik moeg en moedeloos begin word … Wanneer kom ons Here dan om ’n einde te maak aan al hierdie swaarkry en onreg teen ons?

Dit is teen hierdie agtergrond dat Paulus ’n brief van bemoediging aan hierdie gemeete rig. Die hede, erken hy, is baie moeilik en uitdagend ... wetteloosheid, magsvergryp, misleiding en afvalligheid. Die antwoord op die onsekerheid van die hede lê in die sekerheid van die wederkoms in die toekoms. Paulus lei hierdie moedelose Christene na Hom wat ewig is, en wat die hede na die toekoms stuur. Ons Here is tans met ons oppad, Hy kom weer.

Maar totdat ons Here Jesus weer kom? *Volhard in goeddoen – dit is julle roeping! Hou vas aan die belofte van die wederkoms – dit is julle hoop! Bid deurentyd om sterk te staan midde in die werklikheid van die hede – dit is julle vaste anker!*

Ons vandag, in Augustus 2024, leef in dieselfde uitdagings van onreg en wetteloosheid as die Christene van destyds in die stad Tessalonika. Ons worstel ook met die vraag na onreg en wetteloosheid en swaarkry. Ons Here, wat ewig is, ken ons hede! Sy antwoord aan ons bly steeds dieselfde:

- Volhard in goed-doen – dit is ons roeping midde-in die stukkend van hierdie wêreld!
- Hou vas aan die belofte van die wederkoms – dit bly ons hoop!
- Bid deurentyd om sterk te staan midde-in die werklikheid van die hede – dit is ons vaste anker!

Ons Here regeer ... nou en vir altyd!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)*